**SONDAG: 24**

**VRAAG EN ANTWOORD: 64**

| | | Teks | 1933/53-vertaling | 1983/91-vertaling |
|---|---|---|---|---|
| Vraag: Maar maak hierdie leer nie mense onverskillig en roekeloos nie? | | | | |
| Antwoord: Nee, want dit is onmoontlik dat 'n mens wat deur 'n ware geloof in Christus ingeplant is, nie vrugte van dankbaarheid sal voortbring nie. | 1 | Matteus 7:18 | \`n Goeie boom kan geen slegte vrugte dra nie, en \`n slegte boom ook geen goeie vrugte nie. | ‘n Goeie boom kan tog nie slegte vrugte dra nie, en ‘n slegte boom nie goeie vrugte nie. |
| | | Johannes 15:5 | Ek is die wynstok, julle die lote. Wie in My bly, en Ek in hom, hy dra veel vrug; want sonder My kan julle niks doen nie. | "Ek is die wingerdstok, julle die lote. Wie in My bly en Ek in hom, dra baie vrugte, want sonder My kan julle niks doen nie. |